Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 16 Deel 110
VRYDAG - 26 APRIL 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Swaar reën wintersvoorloper



*Die afgelope week se reën het ook koue gebring. Boere nou in afwagting om met stropers in die nat lande te kan kom na die ongekende oorvloed van wintersreën vir die Vrystaat.*





# Inwoners betoog teen dienslewering

Woensdag om 10:00 was 'n vergadering by Heilbron se munisipale kantore gehou in verband met 'n optog wat deur die Heilbron gemeenskapsforum gehou gaan word. Die kennisgewing van die optog wat vandag gaan plaasvind is bespreek en goedgekeur. Die doel van die optog is ooglopend oor terugvoering wat hulle nog nie ontvang het nadat memorandums reeds aan die Premierskantore oorhandig is nie. Die optog wat beoog word om vandag plaas te vind sal om 11:00 begin. Die uiteinde is om 'n memorandum aan die SAPD by die Heilbron Polisiekantore te oorhandig. In die memorandum word klagtes oor dienslewering duidelik uiteengesit. Deelnemers aan die optog sal om 10:00 bymekaar kom in Phiritona by die Vaal Mall. Ongeveer 3 000 deelnemers word vir die optog verwag. Die roete waarvolgens hulle sal beweeg is as volg: Vanaf Vaal Mall in Phiritona sal hulle na die R57 beweeg, Langmarkstraat tot in Kerkstraat en dan na die munisipale kantore. Daarna sal die groep terug draai na Elsstraat waarna hulle na die polisiekantore toe sal beweeg om die memorandum te kan oorhandig. Volgens die sameroeper sal die groep dan terug beweeg na Vaal Mall in Phiritona waarna hulle dan uitmekaar sal gaan. Die betogers het reeds gedreig om vandag die R57-roete tussen Heilbron en Sasolburg te versper vir vyf ure gedurende die optog, juis sodat hulle die nodige aandag kan kry en die Premierskantoor kan reageer op hul hulpkreet. Polisie het bevestig dat die Openbare Orde Eenheid tydens die optog beskikbaar sal wees om orde te handhaaf. Daar is geen waarskuwing uitgereik dat die optog tot geweld sal lei nie, maar Heilbron-besighede moet maar op hul hoede wees!

FRANKFORT VEILING

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
**Elke Donderdag**
**te Royal Auction Centre**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:**
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

**BKB Louwid Noord:**
**"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"**

**AFSLAERS:** Posbus 220, Frankfort, 9830
**Tel:** 058 813 1071 **Faks:** 058 813 2317
**E-pos:** frankfort@bkblouwid.co.za
**Reg. No.** 2005/026173/07

**NAVRAE:**
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

TATA HEILBRON
**VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!**
**NOU OOP VIR BESIGHEID!**
TATA HEILBRON

# Suremarx Makelaars

## *Top Broker Award vir 2019*

Hoe sê mens dankie vir 17 jaar. Dít is hoelank Gesina Boardman werksaam was by Coenie Marx Versekeringsmakelaars in Heilbron. Na 17 jaar word daar afskeid geneem van 'n getroue en betroubare werknemer. Lizaan Matthysen, afkomstig van Sasolburg, word nou verwelkom en sal Gesina se rol vervul. Coenie Marx Versekeringsmakelaars is nie onbekend in die omgewing nie en bestaan al sedert 2002. Hierdie makelaars het takke in Heilbron, sowel as Koppies en Vanderbijlpark - dit keer hulle nie om kliënte regoor die land te werf nie.

Frans Marx, seun van Coenie Marx, het in 2017 aangesluit by die besigheid. Hy is 'n meganiese ingenieur met 'n MBA graad. Vroeg in 2018 het Coenie Marx Versekeringsmakelaars 'n naamverandering ondergaan en staan nou bekend as Suremarx. Suremarx het onlangs weggestap met die Old Mutual Top Broker Award vir 2019. Hulle bied uitstekende diens en werk saam met 15 verskillende versekeringsagentskappe. Dit sluit in motor-, huis en inhoudversekering, besigheidsversekering en boeren oesversekering. Gaan besoek gerus die span in Heilbron, reg langs BKB Handel in Kerkstraat. Uitstekende diens en kwotasies word gewaarborg!



*Gesina Boardman.*




*Suremarx Brokers se toekenningsertifikaat.*




*Op die foto vl: Coenraad de Jager (Old Mutual / Bestuur), Lizaan Matthysen (Suremarx), Frans Marx (Suremarx) en Garth Napier (Old Mutual CEO).*



*Katie en Coenie Marx.*

**Coenie Marx Versekeringsmakelaars nou**

SUREMARX

**Spesialiseer in korttermyn versekering**

- **Persoonlike lyne:** motor-, huis- & inhoudversekering
- **Kommersieel:** besigheidsversekering
- **Agri:** boere- & oesversekering

Heilbron: 058 852 3378
Koppies: 056 777 1058
Vanderbijl: 016 971 1885
Nood: 083 288 6365

Met **uitstekende diens** en **kompeterende kwotasies** spaar ons jou meer as net 'n paar rand!

OLDMUTUAL Santam Landmark Agri Seker Hollard. CIA MiWay Discovery
King Price auto&general 1st for women virseker CROSS COUNTRY Bryte MERX HCV

As jy by die Vegkop Rally was, weet jy wie ons is...


habby&lace
SOUTH AFRICA'S NO1 FABRIC & HOME STORE
www.habbyandlace.com
FOLLOW US FOR DAILY POSTS
TRADING HOURS: 6 MAY 2019 - 6 JUNE 2019
MONDAYS - THURSDAYS 08:30 - 16:00 | FRIDAYS 08:30-11:45 & 14:00 - 16:00
[CLOSED BETWEEN 11:45 & 14:00]
SATURDAYS 08:30-13:00 | PUBLIC HOLIDAYS 09:00 - 13:00
WE ARE open on PUBLIC Holidays
SATURDAY 27 April
1 May WEDNESDAY
WEDNESDAY 8 May
9am-1pm
SALE SALE SALE SALE
063 662 5965
016 422 5400
info@habbyandlace.co.za
56 Voortrekker Street, Vereeniging
We Courier Throughout SA
PLAIN POLAR & PRINTED POLAR FLEECE (150CM) NOW R24.99 PM
PRINTED MONGOLIAN FLEECE & JACQUARD CORAL FLEECE (150CM) | NOW R49.99 PM
SAVE R100
IMPORTED FUR (120 - 150CM) WAS R239.99 PM | NOW R139.99 PM
WIDEST RANGE IN COUNTRY!
HALF PRICE
PLAIN MELTON (150 - 180CM) WAS R99.99 PM | NOW R49.99 PM
SAVE R30
WINTER CHECKS (150CM) WAS R79.99 PM | NOW R49.99 PM
1000M SEW EZI COTTON ANY 10 COLOURS FOR R45.00
5000M COTTON R22.99 P/REEL
SOFT GRIP CROCHET HOOKS (ALL SIZES) R19.99 EA
DAFA ROTARY CUTTER BLADES R26.99 EA
SINGER MACHINE NEEDLES R11.99 P/PACK
SAVE R30
POLAR FLEECE THROWS (127X152) WAS R79.99 EA | NOW R49.99 EA
SAVE R50
SINGLE 3/4 POLYESTER BLANKETS WAS R149.99 PM | NOW R99.99
SAVE R100
LACE CURTAINS PEARL DROP (5MX2.18) WAS R299.99 | NOW R199.99
SAVE R60
LACE CURTAINS (230X218) WAS R149.99 | NOW R89.99
FROM TURKEY
IMPORTED HAND TOWELS R49.99 EA OR 5 FOR R229.99
DOUBLE WALL ESPRESSO CUP & SAUCER WAS R69.99 EA | NOW R39.99 EA
GLASS COFFEE MUGS WAS R19.99 EA | NOW R12.99 EA
PLACE MATS FROM R19.99
STD PILLOWS HOLLOW FIBRE WAS R69.99 | NOW R39.99
DENIM LOOK SCATTER CUSHIONS (45X45) WAS R89.99 PM | NOW R69.99
FOLDING TABLES RECTANGLE 1.8M NOW R650.00 EA ROUND 180CM NOW R1499.99 EA
ADDIS ALL PURPOSE DUSTBIN (50L) NOW R149.99 EA
CHARITY DK 100G NOW R19.99 P/BALL
KARTOPU SNOWBALL DK 100G NOW R19.99 P/BALL
SAVE R60
2 PC FLUFFY TOILET SETS NOW R249.99 PER SET
SAVE R500
METROPOLITRAN & PALAZZO CARPETS (240X305CM) NOW R3899.99 EA
SAVE R20
PVC FANTASTIK TABLE CLOTHS (140CM) NOW R59.99 PM
SAVE R50
JACQUARD CURTAINING (280CM) WAS R99.99 PM | NOW R49.99 PM
SAVE R400
IMPORTED UPHOLSTERY(140CM) WAS R499.99 PM | NOW R99.99 PM
SAVE R30
100% EUROPEAN COTTON (150CM) WAS R99.99 PM | NOW R69.99 PM
WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES - SALE WHILE STOCKS LAST - IMAGES USED FOR ILLUSTRATION PURPOSES
WE ARE OPEN ON 27 APRIL 2019 | 1 MAY 2019 | 8 MAY 2019

# KLEUR EN GESLAG



**SY NAAM WAS SIMON EN HY WAS BRILJANT.**

Lank voordat die deursnee mens met iemand van "kleur" moes saamwerk, het ek en Simon kollegas geword. Hy het Skeinat gegee en ek Biologie. Ons was in twee aangrensende klasse. Hy was die koormeester en ek die begeleier.

Hy was swart en ek wit.

Ek het in Simon 'n goeie klankbord gevind. Hy kon 'n situasie gougou opsom en my verstom met sy insig en sin vir reg en verkeerd. Hy kon lekker lag en het net sy kop geskud as ek weer een van my aweregse grappe vertel.

Wanneer ons met die koor iewers moes gaan optree, was hy die perfekte *jintelman*. Hy het altyd die deur vir my oopgehou, alhoewel dit nie was hoe hy in sy Sesotho-kultuur grootgemaak is nie. Wanneer ons laatnag van 'n optrede af teruggekom het, sou hy my verskoon terwyl hy die koorlede by hulle huise gaan aflaai het.

**SIMON SE PA WAS 'N DOMINEE WAT ONGELUKKIG TE VROEG (VIR ONS) OORLEDE IS.** Simon het sy geloof aan sy pa se knie geleer, hy het onwrikbaar aan God geglo en die beste in elke mens gesien. Later, toe ek en hy nie meer aan dieselfde skool verbonde was nie, het hy adjunkhoof geword, en toe skoolhoof van die hoërskool.

Simon was een aand op pad huis toe en 'n swart bees in die pad het 'n einde aan sy lewe gemaak. Sy seun het vir die Drakensbergse Seunskoor gesing, en ek weet Simon sou trots gewees het op hom.

Dit het my nie gepla dat Simon swart was en ek wit nie. Want ons was kollegas. Ek kon so baie van hom leer, en hy het my brein getap vir inligting waaroor hy nie beskik het nie.

Ek dink baie hieraan terug wanneer ek hoor hoe die regering oor die kwotastelsel uitvaar.

Simon het nie uiteindelik skoolhoof geword omdat hy swart was nie. Hy was 'n skoolhoof en hy was swart. Die twee het glad nie met mekaar verbandgehou nie.

Dinsdag is berig hoe vies die minister van Sport en Ontspanning is omdat die kwotastelsel nie in atletiek gehaal is nie. Mense word nie vir promosieposte in ag geneem nie, omdat hulle nie van die regte kleur is nie. Daar word propaganda gemaak om meer vroue as besturende direkteurs aan te stel. Meer vroue moet in leiersposisies aangestel word. Meer persone van kleur moet dit of dat doen.

Ek is al so vies daarvoor!

**MY VORIGE BAAS WAS 'N VROU**. Wonderlike mens. Uitstekende bestuurder, planmaker en het ingeligte besluite geneem.

My huidige baas is 'n man. Ek besluit nog hoe ek hom wil beskryf. Gelukkig weet ek dat die kans baie klein is dat hy hier sal lees.

My vrou-baas was regverdig. Sy het van alles geweet maar nie op alles gereageer nie.

Oja, voor hierdie vrou-baas, was daar 'n ander goeie vorigevrou-baas. Ek kan onthou toe ek vir 'n onderhoud (hoeka vir my huidige pos) was, is ek gevra watter vorige werkgewer was vir my 'n toonbeeld van 'n goeie bestuuder en navolgingswaardige voorbeeld. Maklik, sê ek, die ander goeie vorigevrou-baas. Sy was toevallig 'n vrou. Toevallig wit. Maar uiters bekwaam en wys. Met 'n sagte manier van praat wat respek afdwing. Sonder om iemand ooit af te kraak of neerhalend te wees. Karen was vir my soos Gamaliël: Ek kon by haar voete gaan sit en kennis tap.

Ná ons (werks)paaie geskei het, gaan ek en Karen steeds elke kwartaal saam koffie drink. Goed, eerder tee drink, want ek is al amper 14 jaar lank skoon van koffie. Alhoewel sy nie meer iemand se baas is nie, is sy nog net so propvol wysheid.

Ek vergelyk haar met die baas wat ek gehad het toe ek nog in die ooste van die Vrystaat gewerk het (kan nie glo dat die tyd so vlieg nie – dit is amper drie en 'n half jaar gelede!). Hy was 'n boelie. 'n Groot, patetiese boelie. Maar dit het ek eers 'n paar maande gelede agtergekom.

Dit het sò gekom:

My vorige baas het my na haar kantoor geroep. Ek het onmiddellik die bewerasies gekry en in 'n koue sweet uitgeslaan. Toe ek in haar kantoor kom, is dit 'n (volgens my) kleinigheid wat ek haar gou mee moet help.

Die volgende uitnodiging wat ek van haar af kry, laat my eweneens aan dieselfde simptome ly. Sy merk dit op en vra hoekom ek in 'n senuweebol verander die oomblik wanneer ek in haar kantoor instap.

**EK VERTEL HAAR VAN MY VRYSTAATBAAS:** Hy het altyd 'n probleem met my gehad. Ek moes nie *gedit* het nie, want ek moes eerder *gedat* het. Ek moes nie sus gedoen het nie, ek moes so gedoen het. Ek moenie A sê nie, ek moet B sê. Daar was altyd, maar altyd iets verkeerd. Ek was 'n senuweewrak wanneer hy my òf met 'n e-pos òf met 'n sms na sy kantoor geroep het. Dan het hy my daar laat sit totdat dit hom, o, grote koning, behaag het om net my, o, nederige onderdaan, te kon praat. Hy het dit geniet om sy werknemers te intimideer. En hy het dit al tot 'n fyn kuns vervolmaak.

Hy was toevallig swart. En hy was toevallig 'n man.

Jou kleur en jou geslag sê vir my net mooi niks.

Wanneer ek lees en hoor hoedat meer vroue aangestel moet word, of meer persone van kleur, wil ek skree.

**ONS IS MOS VERBY APARTHEID, OF HOE?**

Nee, ons is nie. Want net wanneer dit sekere groeperinge pas, word kleur weer 'n *issue*. Net wanneer dit sekere groeperinge pas, word geslag weer 'n *issue*.

Wanneer ons niks anders het om mekaar meer te verkleineer of aan te val nie, word die raskaart en die geslagskaart rondgegooi.

**MAAK JOU KLEUR JOU 'N BETER MENS?** Simon was swart. My Vrystaatbaas was (is steeds) swart. Een was 'n ongelooflike *jintelman* en die ander een 'n *freak from hell*. Simon was wys, Vrystaatbaas het gedink hy is slim. Kleur maak niks nie.

Met Simon sou ek maan toe gaan, met my vorige baas ook. Simon was 'n man, my vorige baas 'n vrou. Geslag maak nie saak nie.

Hoekom hou die politici aanhou tokkel op daardie snaar? Want hulle ken verseker nie al die kitaardrukke nie. Dit is my beskeie slotsom.

Sela.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Kleuterkerk
Sin Kol: Vennootskappe: Reformed Church in Zambia
Kategese / Blok 3

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Tienerdiens
Sin Kol: Teologiese Studente Ondersteuningsfonds
Kategese

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: OVS Bedieningsfonds / Katkisasie Les 10
Diensbeurte: Wyk 5 & 6

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron) / VBO Les 11

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.



# GEKLASSIFISEERD

Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 27 Apr. | 7 / 25 | Sonnig, warm |
| So 28 Apr. | 9 / 26 | sonnig, warm |
| Ma 29 Apr. | 10 / 25 | Gedeeltelik bewolk |
| Di 30 Apr. | 10 / 24 | Sonnig |
| Wo 1 Mei | 9 / 26 | Sonnig |
| Do 2 Mei | 9 / 26 | Sonnig |
| Vr 3 Mei | 10 / 25 | Sonnig |
| Sa 4 Mei | 10 / 26 | Sonnig |
| So 5 Mei | 10 / 26 | Sonnig |
| Ma 6 Mei | 10 / 25 | Sonnig |
| Di 7 Mei | 10 / 25 | Sonnig |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van **WYLE GEORGINA FREDERIKA VAN WYK,** Identiteitsnommer: 390828 0019 08 5 in lewe 'n Huisvrou woonagtig te Uniefeesstraat 39, Reitz, 9810, ongetroud.
**Datum van afsterwe:** 22 Maart 2019
**Boedelnommer:** 002843/2019
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ**
**9810**

### KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van **WYLE LUCAS MARTINUS VAN RENSBURG,** Identiteitsnommer: 341120 5007 08 7 in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Presidentstraat 29, Reitz, 9810, ongetroud.
**Datum van afsterwe:** 13 Desember 2018
**Boedelnommer:** 002174/2019
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ**
**9810**

### BLOEDSKENK DATUMS

**HEILBRON**
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***




- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019

**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.**

BESIGHEIDSURE
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

Herald Office National




### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**AANDAG**
Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

### TE HUUR

1 Slaapkamer woonstel te huur. Onmiddelik beskikbaar.
**Skakel Derdrë**
**082 478 3566**
**K1660**

### SKOOL TERMYNE

• Sluit 14 Jun. Open 9 Jul. • Sluit 20 Sept. Open 1 Okt • Sluit 4 Desember

## TE KOOP

### TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak
**Jolandri**
**079 846 1075**
**Heilbron**

### CD'S TE KOOP

496 ouer Afrikaans en Engels CD's, + 12 rakkies.
Prys R10 000 o.n.a
**Kontak 071 219 7193**
**K1661**

### *Ons hoor graag van jou*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

## DIENSTE

### HEILBRON KLINIEK

Griepspuite nou beskikbaar by kliniek.

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### KENNISGEWING: VEGKOP BRANDBESKERMINGSVERENIGING

Neem kennis van Vegkop Brandbeskermingsvereniging se algemene jaarvergadering.

**DATUM:** 9 Mei 2019 **PLEK:** Vegkop **TYD:** 18:00

Alle lede en voornemende lede binne die gebied van die brandbeskermingsvereniging is welkom om die vergadering by te woon. Husqvarna borg die aand.

***Vir enige navrae kontak Lukas Swart by 082 322 5150.***




## JAARBEPLANNER

**APRIL**
*27 Basaar - AGS Kerk*
*30 Sek. hokkie: H/S Sasol (tuis)*
**MEI**
*14-17 Nampo*
*22 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**JUNIE**
*12 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**SEPTEMBER**
*18 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis-en Tuinbouklub vergadering*

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

*Vir die beste transaksies en diens*

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

## TE KOOP














# Top 5 presteerders van Hoërskool Wilgerivier



*Mia Muller (92,33%) Graad 4*



*Joné Lange (88,00%) (83,86%) Graad 5*



Elsabe Claasen (94,33%) *Graad 6*



*Skyla Budiscak (87,89%) Graad 7*


Schabort de Jager (89,33%) *Graad 4*



*Libbie-Anne Müller (86,67%) Graad 5*



*Estiaan Roodt (92,33%) Graad 6*



*Coleen Scheepers (87,00%) Graad 7*



*Leon de Jager (88,17%) Graad 4*



*Tarina Wessels (86,17%) Graad 5*



*Jenni Muller (89,67%) Graad 6*



*Michelle de Jager (85,11%) Graad 7*



*Marichelle de Jager (87,83%) Graad 4*



*Andrea du Pleases (85,50%) Graad 5*


*Jayden Slabbert (86,00%) Graad 6*


*Anieke Fritz (84,78%) Graad 7*


*Christiaan Antunes (87,50%) Graad 4*


*JG Madern (85,17%) Graad 5*


*Kyla de Waal (85,50%) Graad 6*


*Hester Muller (84,67%) Graad 7*




**SPERDATUM VIR DIE HEILBRON HERALD VAN 3 MEI & 10 MEI IS DINSDAG OM 10:00. Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 • E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

## MINI KERMIS - AGS GEMEENTE HEILBRON

**Waar:** Langs Cornelius & Vennote - onder dakke - Kerkstraat, Heilbron
**Datum:** 27 April 2019 **Tyd:** 08:30
**Tel:** 058 853 1016

**Baie lekker eetgoed word aangebied:**



Kerrie & Rys, Pannekoek, boereworsrolle en basaarpoeding. Vleis, koek, lekkers en wit olifanttafel. Kom kyk gerus self en geniet dit saam met ons.

# Die Ou Pastorie kry nuwe eienaar

• *Quarta Pretorius*

Die Ou Pastorie, destyds eiendom van die Nederduits Gereformeerde Kerk, is geleë op die hoek van Ringer- en Voortrekkerstraat Heilbron.

Tot onlangs het dit behoort aan Johan en Liddi Subke. Volgens Argief dokument is Erf no 354 (Akte no 57491) in 1900 deur Jacobus Groenewald gekoop. Met inagneming dat die Anglo Boereoorlog tot Mei 1902 geduur het, is die huis waarskynlik eers na die oorlog gebou.

Die huis het verskeie eienaars gehad. In 1935 het Sam Pierce die pragtige huis aan die kerk verkoop vir die bedrag van 1150.00 pond. In 1959 is die woning verkoop toe die Kerkraad van die Heilbron Suid gemeente besluit het om 'n nuwe pastorie in Piercestraat te bou. Die huis het toe die naam van “die Ou Pastorie” gekry. Die laaste predikant wat daar gewoon het, was ds. Du Randt.

Daar was oorspronklik vier kaggels in die huis, maar die kombuis se skoorsteen is toegemaak toe 'n elektriese stoof in 1941 geïnstaleers is. Die drie kaggels is in die eetkamer, studeerkamer en in die sitkamer.

Op die erf is nog 'n motorhuis (vroeër 'n skuur) en die oorspronklike hoenderhokkies en buitegeboue. Van hierdie geboue was eers die koeistalle gewees.

In 1922 is die voorstoep geteel en die paadjie na die klein hekke soos wat dit vandag nog is, gelê.

Hierdie pragtige historiese gebou weerspieël die vroeë geskiedenis van Heilbron.

Hiermee wil ek die nuwe eienaar baie gelukwens met sy koop van hierdie pragtige historiese huis. Piet ek is oortuig dat jy hierdie besonderse juweel weer gaan restoureer tot sy oorspronklike glorie.

Ek is net so dankbaar dat jy die nuwe eienaar is, want nou weet ek dat hierdie pragtige historiese huis nie ook in 'n plakkerskamp omskep gaan word nie.



# Huis- en Tuinbouklub kuier by Vaalkrans

Daar is gou onder mekaar reëlings getref oor wie ry saam wie, en sommer net so is die dames van die Huis- en Tuinbouklub Woensdag op pad Vaalkrans toe. 'n Interessante dag het vir hulle voorgelê toe Maryna Serfontein (spreker) vir hulle 'n demonstrasie kom doen het oor die maak van verskillende tee's van kruie. *Smoothies* was ook op die agenda. Sy noem dat daar vyf gebruiks-eienskappe van kruie is, naamlik: 1. Dit gee 'n lekker smaak aan kossoorte. 2. Daar is vele gesondheidsaspekte vir die gebruik van kruie. 3. Tee kan gemaak word. 4. Dit kan gebruik word vir medisinale doeleindes. 5. Dit verjaag gogga's. Verder moedig sy vrouens aan om groente en of kruietuine te hê. “Al het jy slegs net vyf kruie in 'n klein tuintjie naby jou kombuis”. Begin met tiemie, roosmaryn & oreganum, wat hou van “droe voete” - min water. Dan pietersielie en basiliekruid wat meer water vereis. Gebruik kruie wat in jou tuin beskikbaar is. Daar is geen resep vir die hoeveelheid kruie wat gebruik word nie. Daar is na die wye spektrum van onder andere laventel, kruisement en roosmaryn ook gekyk. Roosmaryn staan bekend vir “rememberense”, so verwys Magaret Roberts dat die gebruik van roosmarynblare altzheimers kan voorkom – die are na die brein word oopgemaak. Omdat *smoothies* nou die “gons” woord is - die cool-ding is, is die “green blood” *smoothie* gedemonstreer. Dit bevat groen en wit groente en vrugte wat gemeng word. Die wortel of pynappel *smoothie* is ook aan die dames gewys. Tydens die demonstrasie is heerlike tee’s en *smoothies* geproe. Tuisgebakte brood met kruie is voorgesit met twee verskillende patee’s. As nagereg is heerlike shortbread met laventel geniet.



*Op die foto vl: Maryna Serftontein (Spreker), Marlize Swart, Charmaine Leeb, Hettie van Tonder, Rose Broodryk en Colleen Franklin (Vaalkrans).*

# Amána verf Badplaas rooi

## • Oompie trap die petrol dat ons vinniger kan ry!



**LAAT DIE WIELE ROL:** *Lede van die Amána-ondersteunersgroep wat Badplaas besoek het. Agter van links: Sarita Els, Wilma du Plessis, Boet van Zyl, Rentia Keogh, Ina Venter, Elza Kriel en Rita Groenewald. Voor van links: Monica Coetzer, Isabel Bennik, Mart-Louise van Rensburg, Stephanie Hutchens, Dienkie van Rooyen en Rita Serfontein.*

*Wildsritte, boottrippe, Bingo-roepe, konsertgroepe, borrelbadde, laataandgrappe, kaartspeelwenne, glip-glapbreipenne, heerlike koshappe, nuwe vriendskappe*... Dít is maar net 'n paar van die hoogtepunte wat op 'n groep Heilbronners gewag het toe hul vir 'n week lank Badplaas op horings gaan neem het.

Op 7 April het 15 lede van die Amána-ondersteunersgroep 'n gehuurde bussie vanuit die Vaal behoorlik vol gelaai en die langpad na Mpumalanga aangepak. Sommer met die inklimslag het daar al 'n goeie gees onder die haan en veertien henne geheers. "Julle vier in die agterste ry moenie nou al die 'plattetjie' uithaal nie," is daar geskerts en toe oom Boet, die busbestuurder, met hul vertrek sterkte toegewens is, het hy net die boeremusiek harder gedraai en gewaai. 'n Week vol opwinding het op die groep gewag.

Met hul aankoms by die Badplaas Rotary Resort, is hul vriendelik ontvang en aan die groep Boksburgers, wat ook vir die week daar tuisgegaan het, voorgestel. Alhoewel dié Gautengse groep uit 48 besoekers bestaan het, was dit van die staanspoor af duidelik: dit vat net 15 Heilbronners om 'n oormag te oorheers en óf oom Boet in 'n rok aan etenstafel, óf die bottel jellielekkers-met-skop nou daartoe bygedra het, kon nog nie bevestig word nie.

Daar is elke dag heerlik in die warmswembaddens gebaai, tot laataand kaart en ander speletjies gespeel en deur die dag verskillende aktiwiteite bygewoon. 'n Besoek is onder meer aan die Cradle of Life gebring. Hiér word verskillende diere wat op die rand van uitsterwing in die natuur is, bewaar. Spesies soos witleeus, wolwe, tiere, jagluiperds, pumas, jaguars, hiënas en selfs jakkalse kon besigtig word.

'n Bootrit op die Vygeboomdam is ook deur die groep aangepak en alhoewel die groep se swemvermoeë aanvanklik onder mekaar bevraagteken is, het die "skeepskaptein" almal se vertroue gewen en die groep weer veilig aan wal terug besorg.


Een van die week se hoogtepunte was beslis die konsertaand. Wat maak 'n spul boervroue op toer deur Europa as die lus na 'n boereontbyt jou oorval? Watter nagmerries hou Christoffel se vroutjie saans uit die slaap? En weet jy hoe klink Heilbron se nagtegalle in die koor? Een ding is seker: Heilbron het talent!

Aan die einde van die week was almal dit eens: "Ons maak beslis weer só!"

• Die Amána-groepslede wat die uitstappie meë gemaak het, was Boet van Zyl, Elza Kriel, Dawn Wessels, Dienkie van Rooyen, Mart-Louise van Rensburg, Hettie Dannhauser, Monica Coetzer, Isabel Bennik, Sarita Els, Wilma du Plessis, Rita Groenewald, Rita Serfontein, Ina Venter, Stephanie Hutchens en Rentia Keogh.

• Die Amána-groep is gestig nadat daar 'n behoefte aan ondersteuning in die dorp ontstaan het onder inwoners wat al hul lewensmaats aan die dood moes afstaan. Intussen het talle ander vriende en ondersteuners al by die groep bettokke geraak. Die groep kom maandeliks byeen waarna hul geestelike pitkos met mekaar deel, lekker saam eet en kuier en so nou en dan uitstappies saam onderneem.

• Die volgende Amána-byeenkoms vind op 19 Mei by die Diensentrum plaas. Vir navrae kan Elza Kriel gebel word - 083 988 5712.



**ALMAL AAN BOORD:** *Lede van die Amána-ondersteunersgroep maak seker hul mis nie uit op die dag se aktiwiteite nie.*



**GLIP-GLAP:** *Tydens die Amána-groep se besoek aan Badplaas, is daar selfs heerlik oor die breinaalde geklets.*



**DAAR GAAN DIE ALIBAMA:** *'n Bootrit op die Vygeboomdam het deel van die week se verrigtinge uitgemaak.*



**OP DIE STOEP:** *Staaltjies en stories word op Badplaas gedeel.*

# SPORTverslag

## Speel putjiespel op Caltex dag

Die Caltex Vulstasie op Heilbron borg volgende Saterdag die kompetisie plaaslik. Dit is die ideale dag om sommer ook jou putjiespel bepaling te kom speel, vir die wat nog nie gespeel het nie.

Inskrywingsgeld is R250 vir die dag se spel en sluit 'n halfweg ete tussen in die neges. Die eerste rondte moes reeds teen 2 Mei klaargespeel wees, maar 'n toegewing is gemaak tot 4 Mei.

**Bepaling van die eerste rondte is soos volg:**

S. Khondlo vs W. Van Schalkwyk, N. vd Walt vs W. Rautenbach, J. Leonard vs H. Claasen, L. Strydom vs S. Maloka, J. Nhlapo vs J. Smit de Villiers, H. Pretorius vs LP. Oberholzer, O. Oberholzer vs A. Morotolo, D. Cilliers vs C. Strydom, L. Maloka vs J. Lombard, J. Watson vs W. Venter, A. Watson vs H. Lombard en J. Nelson vs GP Rossouw.

Dit is elke speler se eie verantwoordelikheid om te reël met sy of haar opponent.

Caltex is 'n ou vriend van gholf en het altyd 'n oop hand vir die gemeenskap. Hulle pompjoggies laat jou tuisvoel as jy daar brandstof ingooi.

Verlede Saterdag het Leonard Strydom die dag gewen met 36 punte en Willem van Schalkwyk was tweede met 35 punte gevolg deur Jackie Leonard met 33.

Die *draw* is Donderdag gewen op R750 deur Francois Hattingh.

Môre is daar gewone spel vanaf 12:00.

## Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur jou foto van groot mylpale wat bereik is, in. Ons plaas graag jou foto. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 8523 033.

**heraldnuus@heilbron.co.za**







BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 29 APRIL 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 30 APRIL 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

DONDERDAG - 2 MEI 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 3 MEI 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID

